

*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
november 2017



*"Vrøegoggend-getittewyt" ... Fanie Coetsee  
Lensopening f13; Sluiterspoed 1/250 sekonde; Fokale lengte 560 mm*

In Nederland word daar na April (ongeveer ons ekwivalent van Oktober) verwys as "April, April, hy doen wat hy wil". En dit kon ons met vanjaar se Oktober ook beleef. Oktober is algemeen die hælmaand en hierdie jaar ook die tornadomaand in Suid-Afrika; onder andere naby Bethulie waar ek vandaan kom. Ons sou kon sê die weer was bra ongestadig.

*Towerlantern Fotografie*  
- november 2017 -

vervolg op die  
volgende bladsy



Laat ons hoop jou foto's was minder "ongestadig" en meer reëlmatig. Die foto hierby, geneem deur ons fotografievriend Fanie Coetzee, is 'n voorbeeld daarvan dat jy met jou kamera gereed moet wees as jy op reis gaan – in dié geval na die Pilanesberg Natuurreservaat. Hy skryf hieroor: "Ek het die foto in Pilanesberg by die Mankwedam geneem. Die Grootwitreier het haar (dit moet 'n wyfie wees) omtrent in die oggendson gesit en getittewyt en vere reggeskud vir die dag. Ek kon vanuit die skuiling baie foto's neem. Die son wat van skuins agter op die reier skyn, gee besondere effek aan die foto." Baie dankie Fanie vir die instuur en deel van jou foto.

Laat ons verder hoop jou kamera is gereed vir die neem van foto's. Dié saak kan nie genoeëg beklemtoon word nie. Toe ek nog 'n paddrower was, was my standpunt altyd dat as iemand my sou nooi om Saterdag 20 kilometer te gaan saamdraf, dan moet ek reg wees – van asem tot tekkies. As ek jou vandag sou nooi om Saterdag foto's te gaan neem (ek neem aan dat jy 'n oop dag het) sal jy en jou kamera gereed wees? Om die metafoor voort te sit: Is jou asem en jou tekkies reg? Ek weet 'n drawwer se asem kan pap wees, is joune (die kamera se batterye) reg? Ek weet tekkies kan vuil wees, is jou kamera s'n (die lense) skoon?

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* gee ons aandag aan 'n verskeidenheid sake, waaronder die berging en manipulasie van foto's. En moet beslis nie vergeet om na die uitslag van Oktober se foto-uitdaging te kyk nie. Laat die mededelings jou inspireer om steeds foto's te bly neem.

Geniet die lewe en sien daaglik die foto's om jou raak.

## Zeitz Museum

Die Zeitz Museum van Kontemporêre Kuns Afrika het aan die einde van September in Kaapstad geopen. Die doelstelling van dié museum word soos volg geformuleer: "Zeitz MOCAA collects, preserves, researches, and exhibits twenty-first century art from Africa and its Diaspora." Kunswerke uit Afrika word in meer as 100 galerye uitgestal.

Andrew Gorman het die meegaande foto geneem by die mediabekendstelling van die Zeitz Museum. Ons dink hy het die gevoel van die grootse argitektuur hier baie goed vasgevang. Lees vir meer inligting oor die Zeitz by <https://zeitzmocaa.museum/>



# Waar bêre jy jou foto's?

Miskien reken jy dit is 'n onsinnige vraag, maar ons meen dat dit tog nodig is om te vra waar bêre jy jou foto's; en ook, vir wie wys jy dit. Hier is 'n paar moontlike antwoorde op die vraag waar jy jou foto's bêre:

- Ek hou my foto's op my kamera se geheueskyfie. Die skyfie is groot en daar is baie bêreplek. (*En as die kamera gesteel word?*)
- Ek laai die foto's gereeld af op my tablet / rekenaar want dit is veiliger. (*'n Veiliger opsie as die eerste, beslis, maar wat nou as die rekenaar inmekaar stort?*)
- Ek stoor my foto's op 'n hardeskyf en bêre dit apart van my kamera en rekenaar. (*Die veiligste van die eerste drie opsies.*)
- Ek stoor my foto's in die wolke (byvoorbeeld Dropbox, Google Drive).

Laasgenoemde is beslis die veiligste bêreplek en ons wil dié moontlikheid ten sterkste aanbeveel. Ons weet van fotografe wat hul geheueskyfies die bêreplek maak. Oortuig tog sulke mense dat foto's nie op 'n kameraskyfie gebêre moet word nie, en dat dié bêreplek hoogs tydelik is.

En vir wie wys jy jou foto's? Ook hier is 'n paar antwoorde:

- Ek hou dit vir myself en deel dit met niemand nie.
- Ek wys dit vir die wêreld en is elke dag op Facebook bedrywig.
- Ek soek die beste foto's uit en hou dit in 'n aparte lêer om dit te deel (ook met die oog op volgende jaar se foto-uitstalling).
- Ek maak van tyd tot tyd 'n PowerPoint-aanbieding / *movie* van die bestes om dit met vriende en belangstellendes te deel.

Hier sal elkeen se antwoord ook wel verskil van die ander. My eie mening is dat jy wel jou foto's met vriende en fotografie-kollegas moet deel – ook om sinvolle kommentaar te kry. Moenie dink dit is *jakkals prys sy eie stert* nie; deesdae word dit *deel* genoem, en daar is niks daarmee verkeerd nie. Maar wees tog beskeie. Maak vir jouself en vriende van tyd tot tyd (so een of twee keer per jaar) 'n PowerPoint-aanbieding. Of nog beter, kombineer musiek met jou foto's – dit kan wel heelwat tyd kos, maar dit is tog ook baie bevredigend. Om die laaste moontlikheid toe te lig, deel ek graag my beskeie poging van ons (my en Sienie se) indrukke van die Namibwoëstyn, na 'n besoek 'n paar jaar gelede. Ek noem dit *Die lied van die Woëstyn* en dit is op YouTube opgelaa. Kyk gerus daarna by <https://youtu.be/Dz-Xm2VB4WI>.

Die musiek wat jy kies vir jou foto's kos natuurlik ook goeie nadenke. Ek dink jy sal saamstem dat *Groen is die land van Natal* beswaarlik sal pas by Namib-foto's. Die musiek wat ek gebruik het vir *Die lied van die Woëstyn* is musiek van die komponis Ray Lynch. Die spesifieke keuses, *Falling in the garden*, *Celestial soda pop* en *Pastorale*, kom van sy CD, *Deep Breakfast*.

Geniet dit – en ek wag vir joune.

# Fotografeer die lig!

Ons leer ons studente om voortdurend bewus te wees van die lig by die neem van foto's. Ons leuse is letterlik: FOTOGRAFEER DIE LIG!!

Natuurlik is hierdie leuse baie wyd en kan dit na alle kante toe geïnterpreteer word. Trouens, dit kan in 'n sekere sin op elke foto toegepas word. Maar die hoofsaak is: Laat hierdie leuse ook jou leuse wees. Die mee-gaande foto is maar een voorbeeld hiervan.



In verband met hierdie foto is die volgende opmerkings van pas:

- Die foto is nie in die nag geneem nie, en nog minder is daar van 'n flits gebruik gemaak. Dit is helder oordag om 10:14 op 12 Oktober 2017 in die Botaniese Tuin, Potchefstroom, geneem.
- Die blomme was in die helder sonlig en die agtergrond in die skadu. So 'n eksterne beligting (Engels: *lighting*) bied 'n ideale kontras-omstandigheid tussen lig en donker.
- Die instelling vir die interne beligting (Engels: *exposure*) is vir die blomme gedoen, en nie vir die agtergrond nie. Dus is die blomme mooi helder (reg belig) en die agtergrond baie donker (as't ware "verkeerd" belig, maar tog korrek vir die bepaalde effek waarna gesoek is).
- Die spesifieke instelbesonderhede is soos volg: Lensopening: f2.8, sluiterspoed: 1/1000 sekonde, fokale lengte: 100 mm.

Speel dus rond met jou kamera. Kyk om jou vir moontlike onderwerpe – jy hoef nie ver te kyk nie. Soek binnenshuis vir tonele met sonlig wat van buite inval, of buitenshuis vir kontraste tussen lig en skadu.

# Foto's van kinders

Jy sal saamstem: om kindertjies en troeteldiere af te neem, kan soms nogal 'n uitdaging wees. Hoekom sal hulle nou vir jou wil kyk? Daar is selfs fotografe wat sê hulle neem nooit kinder- of troeteldierfoto's nie!

Hier is wenke vir die neem van foto's van kindertjies. Die eerste saak is: dink kreatief daarvoor. Jy moet kinders net 'n rede gee om vir jou te kyk!

Die tweede wenk is hierdie oulike plan wat ons by Happy Acres Photography raakgeloop het. Jy kan sommer maklik self jou eie "kamera-karaktertjies" maak.

Deel gerus jou idees hoe om kinders se aandag te trek om foto's te neem, met ons. En nog verder: Stuur soortgelyke voorstelle van hoe jy jou troeteldier rede gee om vir jou te kyk.



## Gaan jy op reis?

Gaan jy op reis? Moet nooit vergeet om jou kreatiwiteit ook saam te vat nie. Pak dit sommer heel bo in jou kameratas in.

Dikwels is daar die kleinste en onbenulligste toneeltjies wat niemand as foto's raaksien nie. Maar jy, die fotograaf, kan dit raaksien want jy kyk deur 'n ander bril.

Die toneel vir die foto hierby is baie algemeen, maar word deur min mense raakgesien: 'n klompie wapperende vlaggies. Wees op die uitkyk daarvoor en neem 'n reeks foto's. Een sal sekerlik 'n treffer wees.




# Manipulering van foto's

Fotografiestudente wonder dikwels of hulle hul foto's mag manipuleer, en indien wel, in hoe 'n mate. Hierdie bespreking in verband met die manipulering van foto's mag dalk help. Wat Towerlantern betref, is ons oop vir enige van die variasies soos wat hier bespreek word. By die laaste geval verwag ons wel (omdat dit 'n fotografie-blad is) dat die fotograaf inligting sal deel van hoe die foto geskep is.

Wees terloops ook bewus van die feit dat elke tydskrif of webwerf sy eie vereistes het. As jy dus byvoorbeeld aan 'n fotokompetisie wil deelneem, bestudeer alle voorskrifte tot in die fynste besonderhede.

Manipulasie kan op verskeie vlakke bedryf word, waaronder die volgende:


**Vlak 1:** Ligte verwerking van foto's, waaronder sny (*crop*) van foto's, versadiging van foto-kleure, omkering van foto's, ensovoorts. Dit mag byvoorbeeld soms gebeur dat jy 'n foto neem en dat daar te veel onnodighede in die foto is (jy kon miskien nie naby genoeg kom met inzoom nie). Dan is dit 'n uitweg om te sny aan foto's. Die twee foto's hierby verduidelik die saak – en jy kan self besluit watter foto die grootste indruk maak. Let ook op dat jou gesnyde foto steeds skerp moet wees. In die geval van die voorbeeld hierby is dit nie absoluut skerp nie, maar dit gee juis 'n aandskemer-karakter aan die foto.



**Vlak 2:** Meer intensiewe verwerking van foto's, byvoorbeeld om 'n collage te maak van verskillende foto's, om 'n semi-nuwe foto van 'n ou foto te maak (byvoorbeeld met Photomatrix, soos in die voorbeeld hierby), ensovoorts. Onthou altyd: Soos die geval is met skilder en ander kunsvorms, hoef jou foto's ook nie die presiese werklikheid uit te beeld nie. Jy is immers 'n kreatiewe fotograaf, nie 'n kiekienemer nie!



**Vlak 3:** Swaar verwerking van foto's, byvoorbeeld om met (wat genoem word digitale manipulasie) 'n nuwe kunswerk te skep uit verskillende ander foto's, of om aan slegs een foto te verander. Die foto hierby *Mountain Stream, Venezuela* van Ron Germundson, dien as voorbeeld. Dié fotograaf sê die volgende oor sy fotografiese werk: "Over the years my photography has gone through some transformations, from traditional to more painterly photo impressionism. I continuously strive to make my images uniquely different. A good friend of mine said that, 'I am a photographer with a painter's soul.'" Lees ook meer by [www.rongermundson.com](http://www.rongermundson.com).



# Oktober se foto-uitdaging

Ons het in verlede maand se uitgawe van *Fotografienuus* die uitdaging gestel om foto's met betowering te neem. Dit kan baie wyd geïnterpreteer word. Die beoordelaars het na verskillende aspekte van die ingestuurde foto's gekyk voordat daar tot 'n besluit gekom kon word. Die uiteindelijke besluit is dat daar tussen twee wenfoto's nie gekies kon word nie. Daarom is daar toe besluit om die wenprys te verdubbel na R600 en aan beide fotografe die prys van R300 toe te ken. Baie geluk dus aan Joanie Schoonen en Maryke Schoonen. Baie geluk aan julle. Hierby is die twee foto's, *Tsitsikamma-betowering* van Joanie en *Onkruid-betowering* van Maryke.



▲ "Onkruid-betowering"

Lensopening f5.6; sluiterspoed 1/200 sekonde; fokale lengte 109 mm



◀ "Tsitsikamma-betowering"

Lensopening f5.6; sluiterspoed 1/5 sekonde; fokale lengte 19 mm

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs